

HOOFSTUK 3

Die Heilige Skrif

1. Skrifgesag

Een van die slagspreuke van die Reformasie was: **Sola Scriptura**. Dit beteken: Die Bybel alleen! In die moderne tyd is daar verskillende dwaalleraars wat besig is om hulle dwaalleer in die kerk te vestig. Hulle beroep hulle ook op die Skrif vir die dinge wat hulle leer. Daarom is dit goed om eers te kyk wat die tradisionele standpunt van Gereformeerdes rondom die gesag van die Heilige Skrif is.

Om gereformeerde te wees, beteken vir ons dat net die Skrif alleen vertrou, verklaar en nagevolg word. Om waarlik gereformeerde te wees, moet die kerk haar ten volle op die Skrif verlaat.

Uiteraard is die beste vertrekpunt die belydenis: NGB, art. 5 handel oor die gesag van die Heilige Skrif. Eerste is daar 'n duidelike omskrywing van wat Gereformeerdes as die Bybel aanvaar:

Ons aanvaar al hierdie boeke en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind. (Art. 5 NGB)

Tot waar gaan die gesag van hierdie boeke wat saam die Bybel vorm? Ons belydenis spreek hom soos volg uit:

- *Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.*
- *Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8).*
- *En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.*
- *Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie;*
 - *ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10).*
- *Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: “. . . maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is” (1 Joh 4:1) en: “As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie . . .” (2 Joh:10). (NGB, art 7)*

Met al die veranderinge wat oraloor in die Gereformeerde Kerke uitslaan (en wat in baie gevalle nie deur meerdere vergaderings goedgekeur is nie!), is dit belangrik dat gelowiges sal onthou dat kerke en gelowiges nie eenlinge is wat soos komete deur die tyd swerf totdat hulle in die ewigheid inval nie.

- Daar is 'n bloedband in Christus wat ons almal aan mekaar verbind.
- Dit laat ons met 'n roeping en verpligting teenoor mekaar.
- Dit is ongetwyfeld die bedoeling van NGB, art. 27 waar ons belydenis uitmaak wat die Heilige Algemene Christelike Kerk is:

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk,

- *'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo,*
- *wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is,*
- *geheilig en verseël deur die Heilige Gees.*
- Die Koningskap van ons ewige Koning die Here Jesus Christus, bewaar hierdie kerk.

Tog bely ons dat dit nie beteken dat die kerk net voorspoed en seën ken nie.

Daar kom tye waarin die mensdom grootliks in dwaalleer en afgodsdienste verval – al maak baie van hierdie verdwaaldes daarop aanspraak dat hulle in sulke tye deel is van die kerk van God.

Die NGB het 'n baie duidelike uitspraak daaroor. Die vraag wat opkom, is of die kerk van die Here in Suid-Afrika nie tans in so 'n fase is (of ingaan) nie:

- *En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het – soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie.*

Vir die postmoderne teoloog wat, soos die eksistensialisme, sy teologie bou vanuit die filosofie dat die mens slegs die som van sy ervaringe is, word die Skrif maklik afgekraak en gekritiseer.

- Sy vryheid bestaan juis daarin dat hy kan bevraagteken en kritiseer, anders is hy niks.
- Die hinderlikste gevaarteken is die feit dat ateïsme die eksistensialisme se ondergrond is.
- Verklaar dit waarom die postmoderne teoloog so maklik Skrifkritiek beoefen? Is dit omdat sy verset teen alles maak dat hy God as sy gelyke sien – of ten diepste God se bestaan ontken?

1.1 Laat ons eerste kyk wat ons bely van die Bybel (Woord van God).

Heidelbergse Kategismus

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur **ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar** nie, maar ook 'n vaste vertrouwe (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

Efesiërs 6:17: *“En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God”* (AFR1953)

Hebreërs 4:12: *“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.”* (AFR1953)

Jesaja 59:17: *“En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel.”* (AFR1953)

Die Bybel gebruik hier in Efesiërs 6:17 'n werkwoord wat beteken dat jy iets moet **ontvang/vat/gryp** – en die ontvangs erken!

- Die interessante is dat hierdie woord in die aoristus-vorm geskryf is. Dit beteken dis 'n eenmalige handeling!
- God rus jou toe en jy moet reageer en klaarkry daarmee. Jy kan nie met die Here heen-en-weer of vat-en-los speel nie.

- God reik dus die gelowige met hierdie toerusting (wapens?) uit, en hy moet dit vat en aantrek.

Die swaard van die Gees:

- 'n Swaard is nie 'n verdedigingswapen nie. Dis 'n aanvalswapen.
- Dis 'n wapen wat doodslaan en platslaan.
- Dit is omtrent hoe die geveg tussen die Here Jesus en die Satan verloop het!
- Kyk hoe het Jesus met die Woord die Satan van sy krag beroof:

Matteus 4:4: *“Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.”* (AFR1953)

Matteus 4:7: *“Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.”* (AFR1953)

Matteus 4:10: *“Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”* (AFR1953)

Matteus 22:42-46: *“en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.”* (AFR1953)

- 1.2 Die Woord van God verander mense ook en bring hulle tot sondebeseft en bekering (maak van hulle gelowiges).

'n Voorbeeld is Petrus se preek op die Pinksterdag en dan die reaksie van die mense wat deur die uitleg van die Woord van God geraak is:

Handelinge 2:37: *“Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?”* (AFR1953)

Romeine 1:16: *“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.”* (AFR1953)

- 1.3 Wat verstaan ons onder die Woord van God?

Die hele Bybel. Vergelyk hiervoor die begin van die Hebreërbrief:

Hebreërs 1:1-2: *“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.”* (AFR1953)

- 1.4 Die Bybel het die volgende eienskappe:

- Die Woord van God is geïnspireer deur die Heilige Gees.

NGB Artikel 3

Die geskrewe Woord van God:

Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskryfte die heilige en Goddelike Skrif.

2 Pet 1:21; Ps 102:19; Eks 17:14; (Deut 3); Eks 34:27; Deut 5:22; Eks 31:18.

- Die Bybel is gesagvol.

- Die Christelike kerk beskou die Bybel as gesagvol. Die ware kerk sal hom nooit bo die Skrif verhef nie. Die kerk is altyd aan die Bybel onderwerp.
- Die gesag van die Bybel rus in homself. Die kerk maak nie die Bybel gesagvol, of ken gesag aan die Bybel toe wat hy nie vanself het nie. Die Bybel is nie die Woord van God omdat die kerk so sê nie. Die Bybel bied homself aan as die Woord van God en is daarom gesagvol en moet gehoorsaam word. (NGB, art. 3, 5)
- Die Bybel het Goddelike gesag (*autoritas*).
Omdat God so sê, IS dit so. God spreek tot ons deur die Bybel. Dit is daarom ook onfeilbaar, of, soos in Psalm 19:8 gesê word: “*Die Woord van die Here is volmaak.*”
- Die Bybel is noodsaaklik (*necessitas*).
 - Die Bybel is noodsaaklik omdat (en sodat) God daaruit geken word. Sonder die Bybel kan ons nie ware kennis van God besit nie.
 - Die Bybel is noodsaaklik omdat die kerk uit die Bybel leer hoe die kerk georganiseer moet word, o.a. die ampsdraers en hulle funksies.
 - Die Bybel is noodsaaklik omdat God wil hê dat sy Woord ’n getuienis moet wees deur alle tye en op alle plekke.
- Die Bybel is deursigtig.
 - Elkeen kan die Bybel lees en verstaan, maar geen mens kan die volle diepte van die Bybel verstaan nie.
 - Alle mense verstaan nie ewe veel nie, maar elkeen verstaan genoeg vir sy saligheid.
 - Daar staan in 2 Petrus 3:15, 16 dat nie alles in die Bybel ewe maklik is om te verstaan nie, maar dit veronderstel tog ook dat alles nie ondeurgrondelik (onverstaanbaar) is nie.
- Die Bybel is sy eie uitlegger.
 - Dit beteken dat, wanneer iets in die Bybel onverstaanbaar is, die gedeelte met ander plekke in die Bybel, wat oor dieselfde saak handel, vergelyk moet word. In die vergelyking sal die saak van verskillende kante af belig word en sal die Bybel homself verklaar.
 - Met ander woorde, luister altyd na wat die Bybel self sê en moet nie aan die Bybel voorskryf wat om te sê nie.
 - Wat ons moet weet, kan ons uit die Bybel uit ken. Vergelyk die volgende – Kolossense 1:9-12: “*Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlijkheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap, en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig –*” (AFR1953)
- Die Bybel is die maatstaf vir jou lewe.
 - Kyk elke keer of jou lewe pas by dit wat die Bybel van jou vra.
 - Die Bybel is ook die maatstaf vir jou geloof. Dit leer jou **wat** jy moet glo en ook **hoe** jy moet glo. Lees hierby NGB, art. 7.
- Die Bybel is Regter oor geskille in die kerk.
 - Die uitspraak van die Skrif is beslissend. In Johannes 8:47 sê Christus byvoorbeeld: “*Wie ’n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie.*”

- Dit beteken dat die kerkraad elke keer wanneer daar 'n geskil in die gemeente (kerkraad) is, volgens die beginsels in die Skrif moet vasstel wie reg en wie verkeerd is.
- God se Woord beslis dus oor die beginsels en die kerkraad handhaaf hierdie beslissing.
- Die Bybel is voldoende/genoegsaam (*sufficiëntia*).
Daar is genoeg boeke in die Bybel waarvan die inhoud voldoende is om ons ons saligheid te leer. Daar is nie nog meer boeke nodig wat iets anders leer nie.
- Die Roomse Kerk aanvaar ook nog die apokriewe boeke as geskifte wat behoort by die kanon van die Bybel.
 - Dit is valse geskifte wat opgestel is om die Bybel skade aan te doen.
 - Daar is Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese apokriewe.
 - Ons verwerp dit omdat die inhoud daarvan vals is, al lyk dit soms asof dit baie naby aan die waarheid beweeg.
- Die boeke wat tans in die Bybel vervat is, word die kanon genoem.
 - *Kanon* beteken: *riet, maatstaf, liniaal*. (Dus: genoeg boeke om te meet wat geestelik gemeet moet word)
 - Lees hiermee saam NGB, art. 6.
- Ons glo dat die Bybel die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens tot saligheid moet glo, daarin genoegsaam geleer word (Joh. 21:25; 20:30).
- Spreuke 30:6 sê: *“Moet niks byvoeg by wat Hy gesê het nie; Hy sal jou bestraf, en jy sal daar staan as leuenaar.”*
- Die Bybel is ook doeltreffend.

Die Woord van die Here laat dinge gebeur. In Jesaja 55:11 word dit soos volg verduidelik: *“so sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê, en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”*

Iemand het by geleentheid gesê: *“Die Bybel is 'n arsenaal van hemelse wapens, 'n laboratorium van onfeilbare medisyne, 'n myn van onuitputlike rykdom, 'n gids vir elke pad, 'n kaart vir elke see, 'n geneesmiddel vir elke siekte en 'n balsem vir elke wond.”*

1.5 Hoe word iemand oortuig van die waarheid van die Bybel?

Heel eerste is dit nodig om wedergebore te wees.

- Wanneer 'n wedergebore mens die Bybel lees, laat die Heilige Gees hom die Bybel verstaan en sodoende oortuig die Heilige Gees die persoon dat die Bybel waar is.
- Die Heilige Gees gebruik die inhoud van die Bybel om ons te laat glo.
- En wanneer ons glo, is dit vanselfsprekend dat ons ook die Bybel sal aanvaar vir waar en as God se Woord.

Dit verklaar waarom ongelowiges ook die Bybel kan lees, maar glad nie beïndruk is met wat daarin staan nie.

1.6 Die Heilige Skrif is die bron vir ons geloof, omdat die Here Hom daarin aan ons openbaar. Lees HK vr. 19.

- Die Bybel word ook die Blye Boodskap (Evangelie) genoem. In die hele Bybel word hierdie boodskap van verlossing van die skepping af geopenbaar – in die skepping self, omdat God se almag dit openbaar en net daarna, met die moederbelofte, en uiteindelik met die koms van die Verlosser self.
- Die eerste verlossingsbelofte vind ons in Genesis 3:15. Dit word die moederbelofte genoem, omdat dit die eerste van 'n reeks beloftes van verlossing en van die koms van die Verlosser is.

- Die inhoud van die Moederbelofte is dat God ’n skeiding maak tussen die duiwel en die vrou, en daarmee ook tussen hulle nasate en volgelinge. In beginsel is dit ’n skeiding tussen die kerk en die haters van God. Die Een wat uit die vrou se saad gebore sal word, is Christus. Die slang waarvan die kop vermorsel gaan word, is die Satan (Gen. 3:15).
- Aanvanklik is die Bybel mondelings deur die aartsvaders oorgedra van die een geslag na die ander een. Eers heelwat later is die Bybel op skrif gestel.
- In die Bybel maak God van simboliese voorstellings gebruik, bv. die kruisdood wat in die Ou Testament deur die offers gesimboliseer word. Christus vervul uiteindelik al die beloftes en voorstellings wat in die Ou Testament gemaak is.
- Die Bybel bestaan uit twee dele, naamlik die Ou Testament en die Nuwe Testament.
 - Die Ou Testament is in twee tale geskryf, naamlik Hebreeus en Aramees: (sommige boeke is in Hebreeus geskryf en ander boeke, bv. Daniël, is in Aramees geskryf.)
 - Die Nuwe Testament is geskryf in Grieks. (Nie “goeie” Grieks nie, maar in die praatgrieks van daardie tyd. Dit kan met reg ’n “slang”-Grieks genoem word.) Dit was ’n swak tipe Grieks wat deur almal verstaan en gepraat is.
- Die Skrywer van die Bybel is die Heilige Gees. Dit is so dat verskillende mense oor verskillende tye aan die Bybel geskryf het en dat die Bybel dus oor honderde jare tot stand gekom het, maar hierdie mense het almal onder die inspirasie van die Heilige Gees gewerk. Lees hierby 2 Timoteus 3:16a; 2 Petrus 1:21 en NGB, art.3.
- In die kerk bestaan daar naas die Bybel ook nog die belydenisskrifte. Ons mag menslike geskrifte soos die belydenisskrifte en Sinodebesluite nooit met die Bybel gelykstel nie. Hulle bly almal van die Bybel afhanklik vir die waarheid wat hulle leer, en indien hulle verkeerd is volgens Bybel, moet hulle in ooreenstemming met die Bybel gebring word.

1.7 Die middele waardeur ons God ken – NGB, art. 2

Ons ken Hom deur twee middele:

- Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos ’n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Romeine 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.
- Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is om te leef tot sy eer. Hy openbaar alles wat nodig is vir die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

2. Die Bybel en wetenskap

- Die Bybel is nie ’n wetenskaphandboek nie.
- Die Bybel is Godsopenbaring. Dit openbaar wat die Here gedoen het en doen – hoe Hy sy verlossingsraad uitvoer.
- Dit verklaar en openbaar nie (noodwendig) die “hoe” van sy werke nie. Die Here het byvoorbeeld die hemel en die aarde gemaak, maar Hy gee nie al die formules en tydsindelings tot in miljoenste van sekondes (soos die wetenskaplikes vandag wil doen) van wat Hy hoe laat gebeur het nie.

3. Almal kan nie die Bybel lees, en insig hê van wat hulle lees nie.

Al klink dit vir ons menslike oor hoe onbillik, dis hoe God dit openbaar – en dit is dus die waarheid! Dink hier aan die Here Jesus se eie opmerking hieroor:

- Matteus 13:11: *“Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.”*

(AFR1953)

- Markus 4:11: “En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse,” (AFR1953)
- Lukas 8:10: “En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie.” (AFR1953)
- Handeling 22:14: “En hy het gesê: Die God van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te ken en die Regverdigte te sien en die stem uit sy mond te hoor;” (AFR1953)

4. Benadering

- Die Bybel word met geloof benader.
- Die Bybel word verklaar, met ander woorde wat God self sê, word net verduidelik. God self moet praat!
- Die postmoderniste “interpreteer” die Bybel. Hulle dra hulle eie interpretasies in die Bybel in en onderwerp die Bybel aan die wetenskap. Die wetenskap word die allesoorheersende en daarmee word interpretasies in die Godsopenbaring ingedra en ingelees. Dis dwaalleer!

5. Vermensliking van God – en die gevolgtrekkings van sy Godheid.

- Die postmoderniste maak van God ’n mens. Hy moet doen wat ons doen. Die ALMAG van God word ontken. Net dit wat ’n mens kan doen, is moontlik.
- Daarom word die maagdelike geboorte van Christus ontken. Daarom word die opstanding uit die dood ontken.
- Daarom word die hemelvaart ontken.

6. Die probleem hiermee: Dit is sonde teen die Heilige Gees!

- Die probleem hiermee is dat ons bely dat God die Heilige Gees die Bybel geskryf het.
- Ons bely dat God sy kerk bewaar en vermeerder deur sy Woord en sy Gees.
- Wanneer die Bybel aan kritiek onderwerp word, word die openbaring soos wat dit deur die Heilige Gees gegee is, verskeur. **Daarmee word twee sondes gepleeg:**
 - Die kerk word lamgelê omdat die werktuig van die Heilige Gees uit die Kerk weggeëm word.
 - Daar word sonde teen die Heilige Gees gedoen – die een sonde wat die Here nie in hierdie lewe of in die toekomstige lewe vergewe nie! – Matteus 12:32; Markus 3:29; Lukas 12:10.

7. Slot

Is daar enige manier waarop mens kan beklemtoon dat ons ons nie teen God moet verhef en sy Woord kritiseer en onwaar verklaar nie? Die oomblik wanneer ons dié dinge doen, jaag ons ’n skimbeeld wat aan ons voorgehou is deur die slegste skepsel in die skepping toe hy gesê het: “*Julle sal soos God wees!*”

Ons moet nog steeds elke oomblik teen hom waak en sterk staan! **Die Bybel openbaar mos vir ons ’n groot troos hieroor:**

- 1 Johannes 5:20: “En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.” (AFR1953)

8. Apokriewe boeke

Die woord **apokrief** kom van ’n ou Griekse woord **apokruptos** af wat letterlik *verborge* beteken. Die woord was ook gebruik om die geheime geskrifte van byvoorbeeld towenaars aan te toon.

Die Rooms-Katolieke wêreld gebruik die naam **apokriewe boeke**, terwyl die Protestantse wêreld die term **pseudepigrafiese geskrifte** genoem word (leuengeskrifte/valse geskrifte!).

Die woord het deur die eeue 'n “kerklike” betekenis gekry, omdat boeke/geskrifte wat deur die gelowiges geskryf is wat nie dieselfde standaard gehad het as die boeke wat deur die Heilige Gees geïnspireer is nie, ook hierdie naam gekry het, met ander woorde daar het twee stelle geloofsboeke ontstaan:

- Die een groep was as gesagvol beskou omdat dit God se openbaring is. Hierdie boeke is **kanoniek** (kanon = lineaal/meetstok/maatstaf) genoem.
- Die tweede groep was as waar (of ten minste gedeeltelik waar) beskou, maar beslis nie vir ons geloof op dieselfde standaard as die kanonieke boeke nie. Hulle is **apokriewe geskrifte** genoem.

Dit is waarom ons geloofsbelydenis in Artikel 4 van die NGB 'n volledige lys gee van die kanonieke boeke. En dan later in artikel 6 ook 'n lys gee van die apokriewe boeke en ook wat hulle waarde vir ons is.

Artikel 6 NGB:

Onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en die Draak, die Gebed van Menasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

1. Wie het besluit dat hierdie boeke uit die kanon uitgesluit moet wees?

Die antwoord is natuurlik eenvoudig: Die kerk het dit besluit. Die kerk van die Here het bewustelik deur, onder andere, sinodes besluit dat hierdie geskrifte nie deel van die kanon moet wees nie.

Daar is sulke boeke in sowel die Ou- as die Nuwe-Testamentiese bedeling.

2. Wanneer is die eerste apokriewe al uit die kanon uitgeskuif?

Ons moet hier onderskei tussen twee groepe (bewegings) onder die ou Jode. Eerstens was daar die Palestynse Jode: Dis nou dié wat in Palestina gewoon het en wat bande met Palestina gehad het.

In Jesus se tyd het die Palestynse Jodendom reeds die Ou-Testamentiese boeke wat ons in ons kanon het, as hulle kanonieke boeke aanvaar.

Dan was daar die Alexandrynse Jode. Dis Jode wat baie sterk deur die Griekse filosofie beïnvloed was en wat in Alexandrië in Noord-Afrika gebly het. Dis hierdie groep wat die Ou Testament in Grieks vertaal het (= die Septuaginta).

Hulle het geen beswaar gehad om 'n hele klomp toevoegings by die boeke van die Ou Testament te voeg nie, want hulle het 'n baie ruimer siening gehad van wat die inspirasie deur die Heilige Gees sou wees!

Ons moet onthou dat daar in die vroeë tye nie baie geleerde mense was wat Hebreeus kon lees en skryf nie. Daarom was feitlik al die eerste Christene en kerkvaders op die Septuaginta aangewys as hulle uit die Ou Testament wou lees – omdat dit in Grieks geskryf was! Sodoende het hulle gewoon

geraak aan die “ekstra” boeke wat by die Ou Testament bygevoeg was.

Daar was van die vroeë Christelike tyd af twee standpunte oor die apokriewe:

- Die kerkvader Athanasius (293 – 373 n.C.) en veral ook Hieronymus (345 – 420 n.C.) het hulle by die Palestynse kanon geskaar en die apokriewe nie as deel van die kanon erken nie. Hulle standpunt was dat die Heilige Gees nie hierdie boeke geïnspireer het nie.
- Teenoor hulle was die kerkvader Augustinus (uit Noord-Afrika!) wat die sinodes van Hippo (393 n.C.) en Carthago (397 n.C.) beïnvloed het om die Septuaginta se lysie van boeke te aanvaar as die kanon. Hierby was die apokriewe boeke dus ingesluit!

Ter wille van die balans moet darem genoem word dat daar tot diep in die middeleeue altyd deur stemme van protes was wat gesê het dat hierdie besluite verkeerd was, maar hulle standpunte is altyd doodgesmoor.

In die tyd van die Hervorming het die kerke van die Reformasie hulle by die standpunt van Hieronymus aangesluit en teruggekeer na die Hebreeuse kanon.

Teenoor hierdie standpunt het die Rooms-Katolieke Kerk by die besluite van die Sinodes van Hippo en Carthago gebly en die apokriewe as deel van die kanon en daarom as die *kenbron van die waarheid* gehandhaaf.

3. Wat is ons standpunt oor die apokriewe?

Martin Luther het die saak min of meer reg en volledig opgesom: Die apokriewe is boeke wat nie met die Heilige Skrif gelykgestel word nie, maar wat nogtans nuttig en goed is om te lees.

Calvyn se standpunt was dat die apokriewe privaat geskrifte is wat nie gesag het nie. Die kerk mag wel hierdie boeke lees en hulle gebruik vir onderrig in sake waarmee hulle ooreenstem met die kanonieke boeke. Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

Opsommend kan ons dit dus so saamvat:

- Die apokriewe kan nie op een lyn met die kanonieke boeke gestel word nie.
 - Hulle het geen goddelike gesag nie.
- Ons mag dit lees en gebruik met dien verstande dat die inhoud daarvan onderwerp word aan die norm/maatstaf van die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament.

Veral die apokriewe van die Ou Testament is van groot belang, bv. die een boek van die Makkabeërs wat baie historiese feite bevat wat nie in enige ander geskrif gekry word nie. Dit gee ook ’n duidelike beeld van hoe daar mense was wat baie vroom gelewe het. Net so beskryf dit mooi belydenisse en treffende gebede wat mense onder bepaalde omstandighede gedoen het.

Die apokriewe boeke beteken nie almal ewe veel nie. Van die Ou-Testamentiese apokriewe is feitlik net die *eerste boek van die Makkabeërs* waardevol. In die ander apokriewe is die historiese gegewens oor die algemeen baie verkeerd/onbetroubaar. Die boek *Wysheid van Salomo* is deurspek met twyfelagtige filosofiese spekulasies.

Wat die Nuwe-Testamentiese apokriewe betref is daar dele wat baie ooreenstem met wat in die evangelies beskryf word. Maar daar is ook dinge, bv. die *Evangelie van Nikodemus 3*, wat selfs in stryd kom met dinge wat die Bybel op ander plekke openbaar.